No 13 - 2023] Fifth Session, Sixth Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 8 JUNE 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

   BUSINESS SUSPENDED AT 14:24 AND RESUMED AT 14:30.

4. [14:30] Questions.

5. [15:20] Questions to the Premier without notice.

6. [15:47] Statements by Members.

7. [16:13] Response to statements by Members by Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Mr D J Maynier, Minister of Education and Mr R I Allen, Minister of Police Oversight and Community Safety.

8. [16:18] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

   The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

9. [16:19] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

10. Mr G Bosman moved without notice: That the House sends condolences to the friends and family of Eusebius McKaiser who tragically passed away on 30 May 2023.

    Agreed to.

11. Mr L L Mvimbi moved without notice: That the House sends deepest and heartfelt condolences to the families, friends and the community of the five children who tragically died in a learner-transport crash; notes and welcomes the arrest of the perpetrator and how the law is moving swiftly to serve justice for the families of the deceased; and recognises and thanks the various local businesses for offering to assist the grieving families – may their businesses grow beyond expectation.

    Agreed to.

12. Mr M Kama moved without notice: That the House notes with pride and congratulates the Itsitsa Primary School in Mfuleni for winning four trophies at the Metro North District Music Competition held at the Saffier Primary School in Parow on Saturday 27 May 2023; notes that the competition featured seven primary schools from the Metro North District; notes that they competed in various music categories for places at the provincial music competition next month; and notes that initiatives, such as these ones, assist in keeping children off the streets and prevents them being swallowed by the vile gangsterism in Cape Town that is so popular.

    Agreed to.

13. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House congratulates Mandisa "Mandy" Gavu on being nominated as Founder of the Year at the Africa Awards in Kenya; notes that Mandy hails from Gugulethu and is the founder of Gugs FM, a fast-growing radio station with a wide audience of a unique demographic that is young, growing and multicultural; and notes that she was nominated as the Mediapreneur of the Year in the under 30 category. Congratulations and good luck Mandy.

    Agreed to.

14. Mr F C Christians moved without notice: That the House notes with great pleasure and congratulates the Durbanville Library that celebrates 100 years of existence; notes that the library was established in 1904 in Vrede Street; notes that it moved in 1923 from the two rooms it occupied in the Durbanville City Hall to a storeroom of the Anglican Church (*Son* 27 May 2023); notes that the library moved to the Durbanville Civic Centre in 1960; notes that in 1973 it moved from the Civic Centre to its current location in Koeberg Road; notes that this library has the second highest circulation in the City of Cape Town with 8 169 members; notes that between January and April of this year their circulation grew by 1 492 new members; and commends the dedicated staff of the library and wishes them well for the future.

    Agreed to.

15. Mr D America moved without notice: That the House mourns the horrific murder of Pierre and Belinda de Kock, who tragically lost their lives on their farm this past weekend; recognises the urgent need for increased security measures in our rural communities, as well as the urgent requirement for the increased presence and support of law enforcement agencies; recognises the deep sorrow caused by the untimely passing away of Belinda and Pierre de Kock, as well as their immense contributions to the well-being of their community; shows solidarity with the community of Aurora and Piketberg; insists that the South African Police Service continues to intensify its efforts to catch the culprits who have not yet been caught; and sends our thoughts and prayers to the de Kock family, their loved ones and the community of Aurora during this time of tragic loss.

    Agreed to.

16. Mr P Marran moved without notice: That the House notes with concern the recent outbreak of avian flu that has resulted in the culling of over 500 000 birds and the dire impact this will have on the livelihoods of those in the poultry industry and on food security in the Western Cape; and call on Minister Meyer to provide a report on the extent of the outbreak and the measures that have been taken to mitigate further loss.

    Agreed to.

17. The House adjourned at 16:40.

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

No 13 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========================

DONDERDAG, 8 JUNIE 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:18] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

   WERKSAAMHEDE OPGESKORT OM 14:24 EN HERVAT OM 14:30.

4. [14:30] Vrae.

5. [15:20] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

6. [15:47] Verklarings deur Lede.

7. [16:13] Reaksie op verklarings deur Lede deur Dr I H Meyer, Minister van Landbou, mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, mnr D J Maynier, Minister van Onderwys en mnr R I Allen, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid.

8. [16:18] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

   Die Speaker doen ’n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

9. [16:19] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

10. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig met die vriende en familie van Eusebius McKaiser wat tragies op 30 Mei 2023 gesterf het.

    Goedgekeur.

11. Mnr L L Mvimbi stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis diepe en innige meegevoel betuig met die families, vriende en die gemeenskap van die vyf kinders wat tragies in ’n leerlingvervoerbotsing gesterf het; kennis neem van die inhegtenisneming van die oortreder en van hoe vinnig die wet toegepas is om geregtigheid te laat geskied vir die families van die oorledenes en dit verwelkom; en erkenning gee aan en die verskillende plaaslike sakeondernemings bedank wat aangebied het om die bedroefde gesinne by te staan – mag hul ondernemings bo verwagting groei.

    Goedgekeur.

12. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met trots kennis neem van en die Itsitsa Primary School in Mfuleni gelukwens met die verowering van vier trofeë by die Metro-Noord-distrik-musiekkompetisie wat op Saterdag 27 Mei 2023 by die Laerskool Saffier in Parow gehou is; kennis neem dat die kompetisie sewe laerskole van die Metro-Noord-distrik ingesluit het; kennis neem dat hulle meegeding het in verskeie musiekkategorieë om plekke by die provinsiale musiekkompetisie wat volgende maand plaasvind; en kennis neem dat inisiatiewe soos hierdie help om kinders van die strate af te hou en voorkom dat hulle opgeneem word in die afstootlike bendeaktiwiteite in Kaapstad wat so gewild is.

Goedgekeur.

13. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Mandisa “Mandy” Gavu gelukwens met haar nominasie as Stigter van die Jaar by die Afrika-toekennings in Kenia; kennis neem dat Mandy van Gugulethu afkomstig is en die stigter is van Gugs FM, ŉ snelgroeiende radiostasie met ŉ wye gehoor van ŉ unieke demografiese groep wat jonk, groeiende en multikultureel is; en kennis neem dat sy genomineer is as die Mediapreneur van die Jaar in die onder 30-kategorie. Mandy, baie geluk en sterkte.

Goedgekeur.

14. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met groot plesier kennis neem van en die Durbanville-biblioteek wat sy 100-jarige bestaan vier, gelukwens; kennis neem dat die biblioteek in 1904 in Vredestraat gestig is; kennis neem dat dit in 1923 verskuif het van die twee kamers wat dit in die Durbanville-stadsaal beset het, na ŉ stoorkamer van die Anglikaanse Kerk (*Son* 27 Mei 2023); kennis neem dat die biblioteek in 1960 na die Durbanville-burgersentrum verhuis het; kennis neem dat dit in 1973 van die burgersentrum na sy huidige ligging in Koebergweg verskuif het; kennis neem dat hierdie biblioteek die tweede hoogste sirkulasie in die Stad Kaapstad het met 8 169 lede; kennis neem dat sy sirkulasie tussen Januarie en April vanjaar met 1 492 nuwe lede aangegroei het; en die toegewyde personeel van die biblioteek aanprys en hulle sterkte toewens vir die toekoms.

Goedgekeur.

15. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die gruwelike moord op Pierre en Belinda de Kock, wat tragies hul lewens op hul plaas die afgelope naweek verloor het, betreur; erkenning gee aan die dringende behoefte aan groter veiligheidsmaatreëls in ons landelike gemeenskappe, sowel as die dringende vereiste vir verhoogde teenwoordigheid en ondersteuning van wetstoepassingsagentskappe; erkenning gee aan die diepgaande smart wat veroorsaak is deur die ontydige dood van Belinda en Pierre de Kock, sowel as hul geweldige bydraes tot die welstand van hul gemeenskap; eensgesindheid toon met die gemeenskap van Aurora en Piketberg; aandring dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhou om sy pogings te intensifieer om die skuldiges wat nog nie gevang is nie, vas te trek; en die De Kock-familie, hul geliefdes en die gemeenskap van Aurora in ons gedagtes en gebede hou tydens hierdie tyd van tragiese verlies.

Goedgekeur.

16. Mnr P Marran stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem van die onlangse uitbreek van voëlgriep wat tot die vernietiging van meer as 500 000 voëls gelei het en die verskriklike impak wat dit op die lewensbestaan van diegene in die pluimveebedryf en op voedselsekerheid in die Wes-Kaap sal hê; en ŉ beroep op Minister Meyer doen om ŉ verslag voor te lê oor die omvang van die uitbreek en die maatreëls wat getref is om verdere verlies te verminder.

    Goedgekeur.

17. Die Huis verdaag om 16:40.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement